

CONTENTS / INHOUD

JANUARY / JANUARIE

SHOULD THERE BE TOTAL REALISM WHEN WRITING FOR THE YOUNG?	3
WEES 'N PATERJOTSREBEL Ewald Scheffler	9
OP DIE VOORGROND : UPINGTON Johan Nel	11
STARTING A MUSIC GROUP Lesley Whitwell	15
ISKEMUS Prof. D.L. Ehlers	17
BOOK REVIEWS/BOEKBESPREKINGS	18
FROM THE DRAWING BOARD : 3-D DISPLAYS : CYLINDERS Clare Jewiss	23
HERE AND THERE/HIER EN DAAR	25
BOOK ACCESSIONS/BOEK-AANWINSTE FILM ACCESSIONS/FILM-AANWINSTE RECORD ACCESSIONS/PLATE-AANWINSTE	

SA ISSN 0 088 5790



Die tydskrif van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens verskyn elke maand behalwe Julie en Desember. Bydraes en navrae moet gerig word aan Die Redakteur, Kaapse Bibliotekaris, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Posbus 2108, Kaapstad, 8000. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens nie.

The journal of the Cape Provincial Library Service published monthly except in July and December. Contributions and enquiries to be addressed to The Editor, Cape Librarian, Cape Provincial Library Service, P.O. Box 2108, Cape Town, 8000. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Cape Provincial Library Service.

Should there be total Realism when writing for the young?



THIS QUESTION IS DISCUSSED BY A CROSS-SECTION OF PEOPLE, WHO ARE CONCERNED WITH CHILDREN AND CHILDREN'S BOOKS -

- NORMA READ, MOTHER OF TWO CHILDREN AND STUDYING LIBRARIANSHIP
- SUE STURMAN, CO-ORDINATOR OF CHILDREN'S SERVICES IN THE CAPE TOWN CITY LIBRARY SERVICE
- M. NORTON, BIBLIOTEKARESSE, OPENBARE BIBLIOTEK TE GRAAFF-REINET
- SUZETTE LE ROUX, OPENBARE BIBLIOTEK, ROBERTSON
- DORA TUDDOR, MOTHER OF THREE SONS AND AN EXPERIENCED PRIMARY SCHOOL TEACHER
- JAY HEALE, CHILDREN'S BOOK REVIEWER FOR THE S.A.B.C. AND ORGANISER OF CHILDREN'S BOOK GROUP
- LESLEY WHITWELL, ALIDA POTGIETER AND ILSE AHREND, OUR CHILDREN'S BOOK SELECTION TEAM



SUE STURMAN, TALKING ABOUT CHILDREN GENERALLY, SAYS -

"What a difficult question! It all depends on the writer's intentions and setting of the story. The reading of fantasy is a vital experience for every child as the reader's imagination soars away from reality. However, the tale usually ends as like Alice, the young adventurer awakes to find that the whirling images of the fantasy represent a dream in which reality was temporarily suspended.

Children quickly sense and detest dishonesty - anxiously hovering adults have to realise that they cannot build a wall around the child to exclude harsh realities. If we consider the grim life-style of children throughout history, we realise that the cosy nursery world is a comparatively recent development. Early children's books particularly those written in the Victorian era abound in harrowing deathbed scenes with young sinners sinking to their well-deserved fate.

Perhaps this is not realism according to our twentieth century standards; however, children were not shielded from death and disaster as they have been in recent decades. Death of parents in Dickens' day made the workhouse the inevitable fate of the bereaved young children.

I think children's books should be as realistic as possible without the writer dwelling on violence or any form of viciousness. Situations in the story should realistically reflect social conditions of the time and place concerned. Adult disillusion and pessimism should not be allowed to darken the atmosphere of the story, although that does not mean a neatly contrived ending is invariably necessary. Writers should avoid crushing that frail spark of hope for the future of humanity which a child needs to develop skills for problem solving and the self-confidence to take action in the challenging environment of the late twentieth-century.

While I believe writers should avoid "Softening" or censoring realism, I think a pessimistic and negative vision of so-called reality could depress the young reader's optimism and self-confidence. Surely more positive values are desirable and we can have realism without constantly accentuating the negative?"



M. NORTON VOEL -

"Dit is 'n bewese feit dat 'n groot persentasie van ons jeug die drange besit om meer realistiese werke te lees as die verbloemde werklikheid. 'n Klompie jare gelede sou so iets heeltemal buite hulle bereik gewees het maar, as gevolg van tegnologiese ontwikkeling op die terrein van die massa nuusmedia en T.V. is jeugdige van vandag baie meer blootgestel aan die harde werklikheid van die hedendaagse lewe as hulle voorgangers van 'n dekade of wat gelede. Die mens verkeer onder druk van die hele wêreld en moet die aanslag teen hom probeer afweer. Daarom dink ek dat die jeug voorberei moet word vir die toekoms deur hulle 'n breër kennis en insig te gee en meer realisties met hulle te wees deur genoegsame realisties geskrewe boeke tot hulle beskikking te stel.

Dit help geensins dat kinders net lees van vrede en harmonie wat oral in stories voorkom en waar die boeke altyd eindig met "Gelukkig het hulle vir ewig saam geleef".

Die kind kan wanneer hy groot is nie die realistiese dinge verwerk nie, want hy glo in vrede en kom in opstand teen die werklikheid. Realistiese skryfmetodes vir die kind kan hom net help om op 'n hoër vlak te kommunikeer en vinniger opgeneem te word in die snelveranderende samelewing.

Daarom moet realisme vir die kind vanaf sy puberteitsjare bekend wees, want so glo ek sal dit alleen lei tot volle wasdom van die kind en sal dit bydra tot sy aanpasbaarheid in intermenslike verhoudings en 'n gesonde lewensuitkyk kan help ontwikkel."



SUZETTE LE ROUX IS VAN MENING -

"Blykbaar sluit die vraag fantasieverhale vir kinders uit en is dit net van toepassing op die kategorie realistiese verhale en nie-fiksie vir die jeug. Ek kan nie glo dat enige persoon kan dink fantasie- en verbeeldingryke verhale behoort verbode te wees vir kinders nie.

Realisme is origens 'n relatiewe begrip. Die werklikheid van een mens verskil van dié van 'n ander, dit verskil van faksie tot faksie. Totale realisme lyk vir my dus na 'n onmoontlike begrip, beide vir kinders en volwassenes. Ek meen die vraag impliseer dat letterkunde vir die jeug nie 'n never-never-land moet beskryf nie en ook die probleme van ons tyd moet betrek en op 'n nugter en onopgesmukke manier

moet voorhou. n Mens dink onwillekeurig aan dinge soos oorbevolking, besoedeling, hongersnood, permissiwiteit, oorlog, ens. Geeneen van hierdie dinge is uitgesluit vir jeuglektuur nie, maar dit moet nie die bedoeling van die skrywer wees om op n neerbuigende manier n boodskap vir die jeug oor te dra nie.

n Kinderboek behoort n aansluiting te vind by die wêreld van die kind. Die kind se wêreld verskil van dié van die volwassene. Nie alleen is sy kennis en insig nog gebrekkig nie en het hy nie die vermoë om te kies tussen alternatiewe nie, maar hy beskik ook oor gewas wat die volwassene verloor het. Hy sien die wêreld met nuwe oë, het n ongekondisioneerde verbeelding, sensitiwiteit en hoop.

Daar kan soveel moontlik feite oor n onderwerp in n verhaal ingepron word, maar as dit nie gekoppel word aan die persoonlike, aan gevoel nie, het dit weinig betekenis vir die kind. Ervaring het nie sin as dit nie d.m.v. n karakter betree word nie.

Wat sal ons bereik deur die kind aan totale realisme of die negatiewe sy van die lewe bloot te stel? Nie alleen sal dit hom verwar en verskrik nie, maar miskien n hopelose, fatalistiese kyk op sake gee en lei tot afstomping. Laat ons eerder kinders bekend stel aan die positiewe waardes soos begrip, geloof, geneetheid en skoonheid.

Goeie kinderboeke handel nie net oor aangename dinge vir die jeug, n gelukkige einde nie. Dit is eerder die milieu van ontvlugtingsliteratuur soos Enid Blyton. Talle uitstekende kinderboeke raak die tragiese van die lewe aan soos dood, ontbering, armoede. Dikwels dra n goeie fantasie n sterk boodskap op n onopvallende wyse oor wat selfs n volwassene ruk.

Wat nie-fiksie betref - om al die feit oor n onderwerp vir die kind beskikbaar te stel, is haas onmoontlik. Dit moet eerder op n direkte, eenvoudige en geselekteerde wyse, in aansluiting by die kind se wêreld voorgelê word. Op n gebied soos seksvoorligting by voorbeeld sal n koue voorlegging van al die feite eerder skade berokken.

Ek is dus nie ten gunste van totale realisme per se nie. Die vorm waarin die kinderboek aangebied word, moet funksioneel en verantwoord wees, sy dit fantasie, realistiese verhaal of nie-fiksie."

NORMA READ HAS A VERY POSITIVE APPROACH...

The topic itself presents difficulties for surely if realism is not total it is not realism, but merely a distortion. Realism, couched or hidden in vague insinuations is a pseudo-realism which is condescending, sentimental and often superficially optimistic. Children today are very quick to see through sham and hypocrisy, and are very much aware of the world as it concerns them in their immediate surroundings and situations. Perhaps in childhood, our senses are more vitally alive and uninhibited than at any other stage in life, and we need constant confirmation of our inner reality and continuous emphasis of the

extremes of our own emotions in order to become whole, mature people.

Authors have often been loath to reveal to children the harsh realities and mess of our world, and have tried to shelter them for longer than necessary as well as underestimating their capacity to feel, suffer and understand these trials; but the advent of television with its daily dose of violence has destroyed this myth and children today have a vitality and vibrant love of life as well as a realistic approach to the ills which adults have created as their heritage. The writer who presents reality to the young has a very grave responsibility and a difficult task - to reflect what children are in to and yet maintain his artistic integrity. If we respect our children's intelligence we don't need to present the world to them in an unreal romanticised light, but with concrete examples which are convincing and which will help them to sort out and rationalize their own feelings and provide them with a reservoir of experience which can be drawn from to cope creatively with situations and problems they may encounter. As the world, of which the child is personally aware is presented to him, the representation of it helps him to increase his mastery over his own surroundings. It is however important not to present simply factual experience but to create knowledge and values based also on insights, intuitions and sympathy. The best books concern people and their relationships and the building up of the rich texture of life, and should provide an awareness of the possibilities of life and its universality, and awaken a response. The writing of books for the young is a living art and should be seen as dynamic and evolving and not as something static. Often our attempts to protect youngsters from harsh reality is tantamount to saying that certain portions of their consciousness and development are taboo or unnecessary. But children need to be protected as much from ignorance as from what adults consider are bad influences.

The writer of realism for the young needs to be completely confident of his own values and vision of life so that the young are presented with a hope which transcends time and place, and to discover sustaining qualities which lie deep within them. However, the writer is working from a point blank range and truncated perspective, but yet has to create something pertinent and universally applicable, but which also ventures beyond the borders of the commonplace and will still have something to say long after the particular problem has been resolved. Such realism, which is the fusion of experience, observation, research and the creative mind, is unique yet universal, and presents the young with impact and challenge. Yet, life is not all grim and harsh, and a sense of humour is needed to strike a balance and maintain wholeness.

'Humour in realism can help us to accept our transiency, our mortality - in which all men are truly equal - and give us the courage and the grace to live reasonably and compassionately.'

ALIDA POTGIETER BEPLEIT 'N MEER REALISTIESE BENADERING -

"Indien nie algehele realisme nie, wat dan?

"Beperkte" realisme? Aangesien ek onder algehele realisme n volledige en eerlike beeld van menswese verstaan, kan beperkte realisme slegs n onvolledige beeld beteken - hetsy die weglating of die versluiering van sekere aspekte van die werklikheid. Wat tog neerkom op n gebrek aan integriteit of eerlikheid by die skrywer of n wanbegrip van die kind se emosionele ontwikkeling. Ouers en volwassenes wat oor-beskermd optree teenoor kinders wat al in hulle voor-tiener jare (11 tot 13) is, bewys hulle geen guns nie. Wat dan van die uitbreiding van ervaringsveld, die verruiming van die gees, waarna ons so graag verwijs? Myns insiens is die vraag nie of die verhaal dalk té realisties is nie, maar watter waarde oorgepra word.

Hoekom kry ek die kriewelrige gevoel dat daardie eerste voor-tieners en jong tieners ons grootmense met sulke meewarige glimlaggies sal aanky as hulle na ons ernstige besinnings oor "geskikte" leesstof vir hulle, luister?

Emosionele ryphed verskil weliswaar van kind tot kind en veral tussen die stads- en plattelandse kind, maar sowaar, as vandag se kinders nóg vroeër "ryp" is as dié van my generasie (en volgens alle opnames is dit presies die geval), dan kan ek nie verstaan hoe ons nog so hardnekkig kan vashou aan die idee van die kind se reine, onbesoedelde gemoed en onskuld nie. Is ons herinneringe aan ons eie vroeë tienerjare dan so sleg?

Intussen is daar die musik, suggestiewe en opwindende liedjies in hul idioom, die TV, bioskoop, om nie te praat van openlike gesprekke met maats en sekere boeke wat in die geheim gelees word nie. Geen wonder die leesaktiwiteit neem af tydens hierdie jare nie - daar is net nie jeugboeke wat hulle nuwe kennis en seksuele ontwaking in ag neem en respekteer nie. In Amerika verskyn daar wel desdaa meer sulke boeke maar die skrywer se integriteit is nie altyd bo verdenking nie. In Afrikaans is daar, sover ek kan onthou, bv. net een boek wat naastenby n realistiese uitbeelding van daardie stormagtige puberteitsjare gee, nl. Elsabe Steenberg se Eendoring met lang bene en dit is boonop net n verhaal vir dogters. Te oordeel aan die Afrikaanse jeugboeke is die Afrikaanse kind wanneer hy by 12-13 trek nog totaal onbewus van sy ontwikkelende seksualiteit, so skoen en rein soos die spreekwoordelike "wind-driven snow"!

Maar as ek so terugdink aan die Afrikaanse jeugboeke wat ek ken, meen ek dat daar nog n ernstiger gebrek is in ons jeugliteratuur: n meer "realistiese" beeld van ons veerlassige samelewing. Tans weerspieël dit hoofsaaklik die beeld van n wit middelklas samelewing wat gekenmerk word deur die afwesigheid van rasseprobleme, n rustige, vreedsame naastestaan van die verskillende bevolkingsgroepe. Is dit n volledige en eerlike beeld van ons samelewing? Moet hele generasies wit kinders grootword sonder begrip vir die lewensomstandighede, gevoelens en verwagtinge van anderskleurige landgenote? Gelukkig is daar

dare koerante en TV, maar ek sou nie dink dat sekere lewensreïne slegs aan die massamedia oorgelaat moet word nie.

Ek glo nie daar het al n jeugboek in Afrikaans verskyn wat werklik n realistiese uitbeelding van armoede of swaarkry in swart woonbuurte bevat nie. Meer dikwels is dit die "mooi" vriendskap tussen n wit en swart kind, gewoonlik op n plaas, wat as tema dien. Enkele uitsonderings, maar nog uit die wit oogpunt, is Etienne van Heerden se Matoli en Elsabe Steenberg se Korrel en Kuif, twee verhale waarin n eertydse vriendskap op konfrontasie uitloop. Nie dat mens verwag dat wit skrywers oor ervarings en lewenswyse vreemd aan hulle moet skryf nie. Die werklik aangrypende jeugverhaal oor die lewenservaringe van n swart kind, sal uit eie geleedere moet kom, soos daardie ontroerende en ontstellende boek van Mildred D. Taylor, Roll of thunder, hear my cry, wat gaan oor n swart kind se bewuswording van rassediskriminasie in die dertigerjare in die Suide van Amerika. En hierdie soort werklikheid of algehele realisme beteken nie noodwendig n gebrek aan warmte, humor, liefde en hoop nie. Lees maar Roll of thunder, hear my cry."

LESLEY WHITWELL TAKES A BROAD PERSPECTIVE -

"By this is meant, I take it, the inclusion in books for children of descriptions of birth and death and of situations which leave the child in the story utterly crushed in body and spirit or destroyed by the callous cruelty or evil of another person.

The fact that we should even consider whether or not we should let our children read books that touch on such matters implies some enormous assumptions. Firstly, this is obviously a concern of the well-to-do. Children brought up in poverty anywhere in the world today will know something of such things, from bitter experience. Children have had a 'childhood', in the sense of being protected and treated as being inherently different from adults, only in certain ages and certain societies. Our children are better off than, say, an English working-class child one hundred and fifty years ago.

Another assumption is that what children read will have an appreciable effect upon their thoughts and behaviour. As a librarian, it is gratifying to me to feel that books are so important, but I wonder. To take extreme cases - does the child who has spent three hours every night watching people being bloodily beaten up on television and who then goes out and banks his neighbour on the head do so because he has been de-sensitized by television, or because he has the kind of parents, who have nothing better to offer him than a T.V. set and he knows his father hits his mother?

Would a boy, whose parents don't display prejudice against other races than their own and who has to do as many jobs around the house as his sister, be turned into a male imperialist by reading Biggles?

It would be comforting to feel that children can be moulded by what they read and see on film; it is much more likely, to my mind,

that they are moulded by the behaviour of their parents.

It would be pleasant to think that we could help eradicate violence and prejudice by a careful book selection policy, but one has doubts.

Humans instinctively desire to protect their young, but our concern for what our children read often relates not to what the children feel as they read, but to how we feel as we think of them reading. Take Birth and death, which cause us concern when presented in factual form for the younger age group. Our society tends to ignore the aged, and the actual events surrounding the arrival and most certainly the departure of a human being are treated with discretion. But both happenings belong to the pattern of nature, which should be an integral part of our children's experience as they grow. I have heard adults say how upset they or their friends were when, as young girls, they found out what producing a child entailed. Yet my children and the children of my contemporaries have found illustrated books of the process interesting, but not worth more than passing comment. It seems to me that we are short-changing our children, if we do not allow them to realise and accept the two most basic facts of our humanity.

The other aspect of our humanity, which we must help children to accept, is the existence in ourselves of feelings of hate and a desire, sometimes, to hurt those we love. Everybody has these extreme feelings and they have been embodied in the myths and fairy tales of every society. One earnest researcher found in one hundred nursery rhymes -

"eight allusions to murder, two of choking to death, three of death by drowning, and one each of death by devouring, cutting a human being in half, decapitation, squeezing, shrivelling, starvation, boiling and hanging..."

You have only to see a child in a tantrum to realise that little children know all about wanting to rip their loved ones apart. To behave as if all children loved their parents all the time, or, for that matter, that all parents loved their children all the time, is to place an enormous burden on the child. Fairy tales and nursery rhymes are the age-old memories of the race, by which a child can face, understand and accept its own feelings.

When we look back on our childhood and say "Such-and-such a book terrified the life out of me" and try to stop our children suffering a like terror, we are forgetting the terrors we suffered, which bore no relation to what we saw in a book. We fear the unknown; the book did not initiate our fears; it solidified them. The answer, for me, is not to remove the book, but to provide the child with the security from which he can deal with the fear.

Please don't think that I am advocating an unadulterated diet of darkness and depression for children under eight, but I do think that we should refrain from glossing over birth and death and from cleaning up old rhymes and folk-tales and making them cosy, just because they upset our adult sensibilities, which, especially in the case of mothers (but also, in my experience of most older adults) are much more tender than those of children. It is almost impossible to tell what exactly will disturb a child. On the other hand, as in proper fairy tales the prince always married the princess and the wicked enchanter gets his come-uppance, so in all stories for younger children good should be seen to triumph over evil. Even grown-ups would like to believe that the world is neatly divided into the good and the bad - witness the popularity of Tolkien - and it is only very gradually that they have learnt to accept the flawed character of most humans.

No modern child of twelve who reads the newspapers and watches television, however, can have failed to learn about some pretty horrifying things. We are deceiving ourselves if we imagine that, by rejecting stories that deal with situations where the child hero is completely crushed by evil and left without hope, we shall stop our children learning about unpleasant things. Far better to become acquainted with disaster and despair between the covers of a book, where they can be isolated, discussed and come to terms with, than to encounter them for the first time - as is only too likely a few years later - in real life.

I am not suggesting that we should force-feed Southall and Cormier to our children, far from it. No child should be compelled to read anything he is not interested in. But I would not, as a librarian, condemn, simply because it ended in despair, a book which met my standards of excellence; nor would I, as a parent, stop my child reading anything he wanted to, though I should, as parent and librarian, make very sure that there was a very varied selection of books available.

DORA TUDOR, WITH THE 6 - 12 YEAR OLD IN MIND, SAYS -

"Fee, fie, fo, fum
I smell the blood of an Englishman
Be he alive or be he dead
I'll grind his bones to make my bread"
Realism?

What is realism? Life as it is? Things in the raw? Telling it as it happened? Must we maintain an integrity, for instance, to the point of indelicacy? In other words, are we to introduce a child to the totality of human experience from the age of understanding?

Now the human experience is made up of things ugly and things beautiful and a myriad of things in between. And basically that which C.S. Lewis would call "normal" (That hideous strength) is what would be termed decent and acceptable and often even heroic or inspiring

To present this normality to the child, whether in the form of actual children's stories, e.g. the work of Arthur Ransome, or Frances Hodgson Burnett, Robert McCloskey or Willard Price, or in the form of phantasy, such as The Wind in the Willows, by Kenneth Grahame, or the Narnia books by C.S. Lewis, can only be of benefit. The writings of writers such as these not only entertain and instruct, but also imprint on the sensibilities of the child complete normality as well as high adventure and great fun.

But, when we turn to the adult literature, music and drama of today, we encounter a heavy bias toward the abnormal, the perverted, the animal rather than the nobler interests and passions of man. This will undoubtedly filter through to children's literature and has probably already done so. "Children must be exposed to what they are going to meet later on" will be the reasoning and we shall have, for example, the mental torture inflicted by fighting parents dished up in the form of a Kramer vs Kramer story for children. Can this really be of any value to the child?

We read for basically two reasons. The first reason is to learn and the second reason is to escape. Under the first reason would fall, for instance, our reading of newspapers and the reading connected with study and research.

The second reading reason, that of escape, is what we do for pure pleasure. When realism ceases to be enjoyed, we simply close the book. We, as much as the children, escape into a world of make-believe. Our make-believe must be credible and adult, but we also prefer it a little remote... not too real. Let us take thriller stories for example. If the horror is linked too closely to the normal gentle things of our everyday lives, like babies and birds and nannies, we find it has a fearful impact.

And so it is with children. Their horror must be of the 'Fee, fie, fo, fum' variety. Dreadful enough to make your spine creep, but as remote as the moon. A giant in the sky, but not a knock at the window.

I would suggest as a reason for this the fact that fear is a negative, and sometimes damaging, emotion and that to engender it in a realistic setting would be to leave the child with a world even more fraught with objects of terror than he already experiences. He is today coping with 'Stranger Danger' intruders, rabid dogs, riots, terrorists, sharks, motor accidents, as well as his own personal fears of the dark, of school, of sickness, and so on, and he doesn't need a further supplement in his reading).

There is another area on which I would like to comment. Whether a child reads Superman comics, The Lord of the Rings, or the Flopsy Innies, there is one thing that must happen. The hero must come out on top and the villain must perish (or be satisfactorily punished). Good must triumph. If you invert this, you disturb the basic ethical judgment of the child and throw him into confusion.

Now, if we are to be totally realistic, we could not present stories in this way. As David cried out - "How long shall the wicked, O Lord, how long shall the wicked be jubilant?" Psalm 94, v.3. N.I.V.

Those of us who hold the Christian faith, believe in a day of ultimate reckoning before the God of all men, but certainly in the here and now, good does not always get the reward and bad is often never caught. The Indian sometimes shoots the Cowboy and the Robber often plugs the Cop. So, to be truly realistic, we would have to present our children with these unsatisfying, open-ended, 'make-what-you-like-out-of-it' stories. At that point, reading would cease to be an escape, cease to be a pleasure.

"Letter-bombs, hi-jacks I can manage
Without too much mental damage,
But when I take up a book
The hero must not be the crook"...

To sum up, then, I would suggest that, when realism encompasses the good, the noble and the normal areas of life, it is of value. It ceases to be of value, when it introduces the child to the sordid, or to the horrifying, or to the unbalanced elements of life. It also ceases to be of value, when it is made an end in itself, excluding from literature all that which found its origins in the imaginations of men. How poor we would be without, for instance, the talking animals of C.S. Lewis or Beatrix Potter, without Greek mythology and Peter Pan, without fairy stories and those two great heroes of the nursery - Pooh Bear and Paddington."

JAY HEALE CONSIDERS ...

"Total realism' is one of those emotive phrases which creates instant reaction - rather like 'full frontal nudity'. The remark was intended in jest, but perhaps there is an apt comparison here? To a child who has been brought up in guarded innocence, the sudden sight of frontal adult nudity would be an unpleasant shock. Two immediate possibilities suggest themselves: either to introduce nudity discreetly from the rear view, or to prepare the child sensibly for what is after all a fairly natural state!

Too many children's books seem to take an over-cautious rear view - one thinks of titles like "Freddy's parents get divorced" or the sugary soft-covers coming from multi-racial Britain which blithely ignore any problems between ethnic groups. I believe that the children of 1980 need more positive writing. The date is important - so is the fact that they live in South Africa. Our children are no longer shielded from knowledge of pregnancy, bankruptcy, divorce, violence. They know that their world - tomorrow - is going to contain these problems, plus some sort of solution to the ethnic/racial problems facing South Africa.

If they glean their knowledge from the back pages of the Sunday newspapers, they will immediately have exaggerated conceptions of the issues involved. If they rely on the adult

conversation they hear, their knowledge will probably be biased and emotional. They need sensibly written books in which they can face their own childhood problems, and the problems of society. 'Total realism'? Yes, but only on such topics as concern their stage of development.

I approve of such books as these, which are honest in their approach: Collision Course by Nigel Hinton (Puffin) in which a bored teenage girl faces the emotional consequences of theft and accidental death; New Patches for Old by Christobel Mattingley (Puffin) where a teenage girl faces a new life in a new country and school, and the complications of emotions; The Pinballs by Betsy Byars (Puffin) concerning three children in a Home, each with different psychological problems; So Long, Grandpa by Elfie Donnelly (Andersen Press) which deals with the death of a relative in a straightforward, unsoppy way; Otherwise known as Sheila the Great by Judy Blume (Piccolo) in which a young girl faces the things that frighten her; Tex by S.E. Hinton (Gollancz) a hard-hitting teenage book which touches on many crazes - motor-bikes, drugs, anti-school, violence, alcohol; My Mate Shoffig by Jan Needle (Fontana Lion) concerning whites and immigrant Pakistanis in northern England. Little available which is sufficiently honest in South African literature. One bemoans the banning of Ann Harries' The Sound of the Gora, which painted an honest picture of the Cape in 1976.

We do have honest writing in: The Story of Mboma as told to Kathy Bond (Ravan Press) with its deceptively simple factual story; Go well, Stay Well by Toeckey Jones (Bodley Head) considering a friendship between white and black girls in Johannesburg in 1976; historical sense in Jenny Seed's and Juliet Marais Louw's novels. Otherwise, only animal fables.

I think the worst gift we have inherited from the world of mass-produced juvenile fiction is the total fiction of the 'happy ending'. Life does not sort itself out neatly. That's why it's vital for our children to read authors like Jan Mark. In her Thunder and Lightnings, the boy hero says, "It wasn't fair." His Mum replies, "Nothing's fair. There's no such thing as fairness. It's a word made up to keep children quiet. When you discover it's a fraud, then you're starting to grow up."

That's the total realism that I'd want my child to be reading."

ILSE AHRENDIS IS MORE CONCERNED WITH THE TEENAGER...

What is total realism? If reality is going to be watered down or sugar-coated to make it more palatable, then it is no longer reality. So if one is going to write a "slice-of-life" story for the young (and by the young I'm referring to the young teenager), then there should be total realism. BUT - there must always be one governing factor. The book must be written because the writer can't help

writing that particular story, i.e. the realism, whether it concerns divorce or death, violence, drugs or sex, must be there because it is an integral part of the story, and not because it's the latest in-thing to write about, or because one wants to shock for the sake of shocking.

Young people have the right to want to read about issues which (hopefully) they are beginning to think about. And these issues - poverty, prejudice, frustrations which are expressed in violence, domination by one person over another, whether it is parent over child, teacher over pupil or government over citizens - are not pleasant. Perhaps writers could balance this by showing that in spite of these unpleasant realities, or indeed in the midst of them, caring and sharing and laughter are just as real. And many authors of course do this. There are books to balance the grimmer realities and which, even if they don't necessarily have happy endings, have a warmth and positiveness about them.

Robert Cormier once said that, when he is criticised for allowing his book, The chocolate war, to have an ending without hope, he tells these people that "if this were the only book in the world young people were going to read in their whole life, I'd feel guilty". But of course it isn't, and there are books to show that there are alternatives.

No one should be forced to read what they don't want to or may not be ready for. If there are young people whose world is too much with them and they wish to escape, there are thrillers, romances and other bestsellers enough to lose themselves in. And if there is a discerning librarian around who knows both her bookstock and these young people, she could just be able at the right time, to guide them to a book that could help them come to grips with or understand better some aspects of their own life, because the book concerns the kind of total realism they can identify with."

★★★★★★★★★★★★★★★★★★★★

Seeing the subject in perspective, four important fundamentals stand out:

- (for the young child) "Good must triumph. If you invert this, you disturb the basic ethical judgment of the child and throw him into confusion" (Dora Tudor)
- "Adult disillusion and pessimism should not be allowed to darken the atmosphere of the story..." (Sue Sturman)
- "Total realism? Yes, but only on such topics as concern their stage of development" (Jay Heale)
- "No one should be forced to read what they don't want to or may not be ready for..." (Ilse Ahrendis)

EDITOR

WEES 'N PATTERRJOTSREBEL!

"Afrikaanse Correspondensie is ver julle om te skrywe.. Julle kan Afrikaanse briewe en stukke opstuur. Druk op dat dit help!"

Só het die redakteur van die Afrikaanse Patriot mense in sy eerste uitgawe aangemoedig om hom te help om die koerant te vul en terselfdertyd 'n goeie saak te dien.

Plaaslike koerante verwelkom vandag nog sinvolle gereelde bydraes. Een van die doelstellings van plaaslike koerante is juis dikwels om gebruikmaking van plaaslike kulturele fasiliteite aan te moedig. Ons biblioteekmense kan dus hierdie geleentheid uitbuit om die gebruik van ons biblioteek te bevorder.

Wat skryf ons?

Hierdie is 'n klompie vanselfsprekende onderwerpe. U sal u eie idees hê van hoe om dit aan te vul.

Noem die name van populêre boeke en plate in u voorraad, insluitende werke van outeurs wie se werke huidiglik op T.V. of die bioskoop verskyn. Wys daarop dat 'n mens jou naam gratis op die waglys kan sit en dat 'n mens net betaal vir die posseël op die kennisgewing dat jy aan die beurt kom.

Gee kort annotasies van interessante NF in voorraad.

Herinner aan die kostelose aanvraagdiens. Adverteer bus-besoeker, noem watter soort boeke omgeruil gaan word en vra lesers om tog tydens die besoek weg te bly! Adverteer biblioteekbedrywighede soos filmvertonings en inkleurkompetisies. Adverteer ander plaaslike kulturele bedrywighede.

Hoe skryf ons?


Lesers hou van 'n lekker geselstoon sonder 'n sweem van paternalisme. Die belangrikste reël is egter dat as u dit geniet om te skryf, gaan die leser dit geniet om te lees. Entoesiasme is die wagwoord.

'n Mens moet jou ook nie in die eerste aflewering leegskryf nie. Die voordeel van 'n gereelde rubriek is juis dat almal wat die koerant lees elke keer daaraan herinner word dat hy nog hartlik welkom in die biblioteek is.

As 'n model vir so 'n rubriek plaas ons hieronder 'n paar pittige voorbeelde van Mev. Marijke Bezuidenhoudt (biblioteekaresse op Barkly-Oos) se tweetalige biblioteekrubriek in die Barkly East Reporter.

Hoe lyk dit - wil u nie ook 'n patterjotsrebel wees en u eie biblioteekhoekie begin nie?



EWALD SCHEFFLER. ALIWAL-NOORDSTREEK



Dagsê! Welkom in die tweede helfte van die Boekjaar. Die weer is nog steeds regte leesweer - just picture yourself cuddled up in front of the stove with a hotwater bottle on your feet, reading, say, one of the following Not a Penny more, not a penny less (Jeffrey Archer), to see how cleverly four usually honest friends relieve an arch-swindler of the million dollars he diddled them out of. Suspense, romance and humor to be found here...

Nadat u Rebecca (Daphne du Maurier) oor die beeldradio gesien het, sal u miskien daarvan hou om "My Cousin Rachel" te lees. As wreedheid u nie miskien te erg omkrap nie, mag u van "Jamaica Inn" hou... Indien u een van die liefhebbers van vendusies, en dus oudhede is, sal u graag die boekie "Care and Repair of Antiques" van J. Ridley wil deurblaai.

Ons sluit met 'n bedelstorie af. Ons hospitaalbesoekster het bedank. Voel u nie lus om een keer per week 'n pakkie boeke na die pasiënte toe te neem nie? Samblief. A. Chambers says the books are the blessed chloroform of the mind!



Dis alweer Februarie maand. Dit voel soos nou die dag toe ons 1980 verwelkom het, en die gebruiklike lysie met nuwe jaarsvoornemens saamgestel het.

Vanjaar gaan ek so af en toe hier met u kom gesels, en u - gaan vanjaar meer lees, né? Wees vanjaar 'n boekwurm. Verbrei u kennis. Gesels saam. Kom ons maak 1980 die jaar van die Boek! (Van boekwurms en diesulkes gepraat: ons het gemerk dat vismotte besonder lief is om agter ons skildery-afdrukke te kuier. Ook by u tuis. Wanneer u nou weer teen goggas spuit, sal u die kannetjie so 'n ekstra drukkie agter ons afdrukke gee?)

From Cape Town we received an old photograph from Miss Doreen McDonald. She remembers being told (as a small child) that this was a photograph of a snowfall in our district. It may have been taken when one William Lang (Long?) lived in Barkly East, somewhere between 1872 and 1902. Miss MacDonald is interested to know the name of the town concerned. Most of the buildings will have been demolished by now, but perhaps someone can recognize the surrounding contours? This photograph is in the library for perusal. With assistance we might be able to answer Miss MacDonald's query.

Vir die kleintjies het ons 'n kompetisie. Hier in die biblioteek is 'n groot prent waarop daar talle diere en mensies uit julle kinderboeke rondstaan. Ek wonder hoeveel van hulle julle ken? Daar is natuurlik Heidi... maar verder moet julle self kom probeer, hoor.

There is a prize attached to this competition - one for readers from 10-12 years, and one for those from 6-9. Closing date 15 February.

See you soon!

'n Bekende Amerikaanse skrywer het eenkeer gesê: "Die Openbare Biblioteek is die geheiligde wapen van die opgevoede man." <link goed. En nou wonder u seker ook hoe goed hierdie wapen gebruik word, of dalk: hoe opgevoed ons gemeenskap is. Die syfertjies vir verlede maand lyk so:

Kinderlede op die rol: 238
Kinderboeke uitgeneem: 380
Volwassenes op die rol: 413,
en hulle het altesame 1 475
boeke uitgeneem - dus 3,57
boeke per persoon, teenoor die
kindergemiddelde van 1,58 per
persoon. Al is ons vandeers
week deur die "Service Master"
manne ontgogga, is boekwurms
nog steeds baie welkom, hoor!

All library services are rendered free of charge, you may order any book that takes your fancy, and we'll gladly reserve for you any book your neighbour is reading right now. Phone 158, and book McCullough's "Thornbirds", or Hailey's "Overload", or Forsyth's "Devil's Alternative"...

Goeie nuus! Die boekewa besoek ons op Woensdag 9 April. Dink net hoe heerlik gaan u tussen die nuwe aanwinste rondsnuffel! Maar eers van Donderdag af, hoor! Daardie Woensdag word ook gebruik om 'n voorraadopname van die biblioteekinhoud te maak, en ons vra mooi dat u ons dan met rus laat, want ons gaan baaaaai besig wees.

After the visit of the bookvan on 9 April you can "go" to town again, for, whatever they may say about manners, it's really books that "makyth manne", don't you agree? ...

Maak u die plate, wat u van ons leen, ook gereeld skoon? Selfs wanneer dit uit 'n plastiek sakkie kom, kom daar stoffies op elke plaat voor. 'n Klam sagte sponsie is net reg vir hierdie doel, en sal voorkom dat stof die groefies beskadig. En sal u hom weer in die plastieksakkie bêre soos u hom gekry het? Dankie. Die Huisgenote van verlede jaar is te koop. (Die ander tydskrifte is almal reeds bespreek, jammer.) U kan hulle teen een-kwart van die prys koop, dus teen 10 sent elk. Hulle is 'n bron van prente en inligting wanneer tema-tyd kom, né?

Have you read the book "The double-cross system in the war of 1939-1945"? The author J.C. Masterman. (Should have been Mastermind!)

Maar grappies op 'n stokkie - hier is 'n uitstekende boekie in ernstiger luim - "Survival" - 'n titel wat ons deesdae nie mag miskyk nie. Volgens ons matrone is dit werklik die lese werd.

Geniet die vakansie!

1 DIE STREEKPERSENEEL: AGER: MNR. PIETER DUIKER, FRIK PRETORIUS EN SEBASTIAN SAAYMAN. VOOR: MEV. MARITA VAN ROOY, MNR. JOHAN NEL, MEV. LORRAINE NOTHLING



2 UPINGTON STREEKBIBLIOTEEK

3 OPENBARE BIBLIOTEEK, KENHARDT

4 BUITE AANSIG VAN KEIMOES OPENBARE BIBLIOTEEK

5 KAKAMAS OPENBARE BIBLIOTEEK

6 DIE KINDERAFDELING IN FORUM BIBLIOTEEK



Upingtonstreek - 'n streek van kontraste, van droogte en vloed, van vrugbare groen wingerde en lusernlande op die oevers van die Oranjerivier en barre rooi sandduine in die Kalahari en land van die olienhout-, kameeldoring- en kokerboom - is in oppervlakte een van die grootste streke van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens.

Noord-Kaapland word gekenmerk deur sy geharde mense wat weerstandsvermoë en die moed het om die uiterstes waaraan hulle blootgestel word, te beveg, deur sy groot afstande tussen die gemeenskappe, maar veral deur sy dun bevolking. Ten spyte van sy grootte word in hierdie streek slegs 13 sentra bedien; agt openbare biblioteke waarvan sewe in standaardgeboue en vyf depots. 'n Negende openbare biblioteek met die welluidende naam van Leesgenot, is tans teen 'n beënde bedrag van R80 000 vir die bruinwoners van Keimoes in aanbou en sal binnekort voltooi wees.

UPINGTON, ook genoem die "bindel van die Oranje", is 'n snel groeiende en vooruitstrewende dorp en bied alle geriewe van 'n stad. Die dorp beskik oor twee pragtige standaardbiblioteke wat aan alle moderne vereistes voldoen. Mnr. Piet Venter, reeds sedert 1958 die dorpsbibliotekaris, word bygestaan deur mev. M. van Wyk. Mnr. Venter ken die dorp en omgewing besonder goed as gevolg van die feit dat hy ook die Museum- en Inligtingskantoor, wat ook deel van die biblioteek uitmaak, onder sy beheer het. Dit lei geen twyfel dat die 4 000 biblioteeklede 'n besonder omvattende inligtingsbron aan beide die biblioteek en bibliotekaris het nie. Die biblioteekgebou huisves terselfdertyd ook 'n groot versameling Africana en oudhede uit Upington se verlede, asook 'n pragtige versameling klippe, ertse en halfedelstene, baie waarvan in hierdie omgewing aangetref word. As gevolg van die feit dat 'n nuwe Burgersentrum onlangs reg oorkant die biblioteek opgerig is, is die straat voor die biblioteek gesluit en in tuine omgeskep. Planne is tans in 'n gevorderde stadium vir die aanbou van 'n nuwe kinderafdeling ten bedrae van R80 000, terwyl die huidige kinderafdeling as deel van die afdeling vir volwassenes omskep word.

Forumbiblioteek met 'n aktiewe ledetal van 4 000 is gedurende 1976 geopen en maak deel uit van 'n uiters moderne gemeenskapsentrum in die bruin woonbuurt van Upington. Mnr. Jandie de Wee is in beheer van die biblioteek en hy word bygestaan deur Mev. Hilda Isaacs en Mej. Sandra Coetzee. Dié biblioteek onderskei hom veral ten opsigte van uitbreidingswerk en veral die gereelde filmvertonings vind groot byval.

Die eerste biblioteek in hierdie streek wat aan die vereiste standaarde voldoen het, is dié te KAKAMAS wat reeds in 1958 na 'n nuwe gebou verhuis het. Intussen het Kakamas sy kinderskoene ontgroei en ontwikkel van arbeiderskolonie, wat deur die N.G. Kerk geadministreer is tot 'n dorp met 'n eie munisipaliteit wat steeds groei en uitbrei. Mev. Rika Botha is in beheer van hierdie lewendige biblioteek, terwyl sy bygestaan word deur Mev. Alida Mostert. Hierdie biblioteek het reeds op verskeie terreine pragtig presteer. So byvoorbeeld het Mev. Botha ge-

durende 1977 n prys van die Biblioteekdiens ont-
vang vir die beste prestasie ten opsigte van
uitbreidingswerk. n Ander rekord is die feit
dat geen verlies ten opsigte van verlore biblio-
teekmateriaal gedurende die afgelope aantal jare
aan die lig gekom het nie. Daar is ook n
musiekvereniging en n Kultuurkring waarby die
biblioteek aktief ingeskakel word. Kakamas is
die tuiste van Mev. Fides Loubser, skryfster
van Land van die Kokerboom, Lorelei en gondelier,
Towerland en Du Krombeentjie. Mev. Loubser
is n ou bekende in die biblioteek en het ook
jare aktief in die biblioteekkomitee gedien.

POFADDER se biblioteek het vir baie jare bekend
